

Stereotipering, vervreemding en tuiskoms in die uitbeelding van 'n lesbiese verhouding in Réney Warrington se Oktober (2012)

ABSTRACT

This article offers a literary analysis of the representation of a lesbian relationship in Réney Warrington's novel Oktober. Such a close reading reveals how a number of surprisingly persistent homophobic stereotypes continue to shape the experiences of lesbian characters in this contemporary Afrikaans text. The lesbian characters themselves, as well as the most supportive figures in their lives, also perpetuate these stereotypes, albeit unwittingly. This suggests just how deeply embedded the stereotypes are in the society that it depicted in the novel. The exposure to stereotyping results in a profound sense of alienation, which the characters attempt to ameliorate by forging a relationship of equality and mutual respect with one another.

1. Inleiding

In sy Voorwoord tot die bundel Afrikaanse kortverhale met 'n gay tema, *Soort soek soort: 'n Versameling alternatiewe ervarings*, meen Johann de Lange (1997:7) dat, “[m]et ver oor die 100 verhale deur skrywers van verskeie generasies, drie oriëntasies en twee geslagte is die gay tema in Afrikaans nie so marginaal as wat mens sou dink nie”. Reeds in 1990 verskyn *Wisselstroom: Homoërotiek in die Afrikaanse verhaalkuns* wat saamgestel en ingelei word deur Hennie Aucamp. In beide bloemlesings is die oorgrote meerderheid van die skrywers egter mans, en manlike homoseksualiteit eerder as lesbiese ervarings word in die meeste van die verhale aangespreek. De Lange noem beduidende uitsonderings soos Berta Smit, Welma Odendaal, Jeanne Goosen en Marlise Joubert wat reeds sedert 1964 prosa, kortverhale sowel as romans, met lesbiese temas publiseer. Desnieteenstaande, die “lesbiese verhaal het egter eers in die Negentigerjare werklik tot sy reg begin kom” (De Lange, 1997:8). In hierdie belangrike ontwikkeling in die Afrikaanse letterkunde het skrywers soos Emma Huismans (*Requiem op ys*) Riana Scheepers (*Die heidendogters jubel*) en Joan Hambidge (*Die Judaskus, Swart koring, Die swart sluier, Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het, Kladderboek en Palindroom*) toegevoeg tot die bydraes wat bogenoemde vroue reeds gemaak het in terme van die uitbeelding van lesbiese verhoudings. Deur middel van 'n letterkundige analise

van *Oktober* poog hierdie artikel om vas te stel hoe lesbiërs in een Afrikaanse roman voorgestel word. Dit blyk dat lesbiërs se ervarings so kompleks soos hulle identiteite is, en hierdie artikel fokus op die stereotiepe wyses waarop lesbiese identiteit gekonstrueer word, sowel as die strategieë waarmee hierdie lesbiese karakters probeer om 'n ruimte van innerlike vrede en 'n gevoel van tuis-koms en geborgenheid in hulle verhouding te skep.

Volgens Botes en Cochrane (2007:101) is “daar nog min wetenskaplike navorsing oor lesbiese *gender*identiteite binne die Afrikaanse letterkunde onderneem” en dit “ten spyte van belangwekkende tekste”. Hulle bied 'n artikel wat “fokus op die verskillende nuanses van lesbiese *gender*identiteit” (100) in twee Afrikaanse kortverhale, naamlik Welma Odendaal se “Mamy Blue en ek onthou” en Jeanne Goosen se “Aan die einde van die reënboog”. Terwyl hulle probeer om “'n verkennende blik te verskaf op hierdie afgeskepte ondersoekterrein” (Botes en Cochrane, 2007:101), wil my artikel hierdie blik verskerp en aansluit by hulle werk deur 'n indringende analise van een roman te bied. Crous (2006:53) bevestig dat die bestaande navorsing oor vroulike homoseksualiteit, in Afrikaans, uiters karig is.

2. Voormoeders van lesbiese letterkunde

In my eie e-poskorrespondensie met Warrington, spreek die skrywer van *Oktober* die hoop uit dat sy daarin geslaag het om 'n positiewe uitbeelding van 'n lesbiese verhouding aan te bied (Warrington, 2012). Die lofliksheid van so 'n poging moet nie onderskat word nie, veral as 'n mens in ag neem dat die fiksionele uitbeeldings van lesbiese karakters dikwels aan lesbiese vroue rolmodelle bied wat allesbehalwe positief is. Ondanks die feit dat dit reeds in 1928 gepubliseer is, word Radclyffe Hall se *The well of loneliness* steeds beskou as dié lesbiese roman (Rule, 1976:50). Jeannette Winterson se semi-outobiografiese roman, *Oranges are not the only fruit* (1985), is die enigste ander teks wat min of meer aanspraak maak op so 'n mate van lesbiese letterkundige kanonisiteit. Ook in hierdie roman speel pyn en smart 'n beduidende rol. Die titel van Winterson se 2011-*memoir* gee aan lesers 'n idee van die tipe sosiale druk waaronder sy haar lewe deur gebuk gegaan het: *Why be happy when you could be normal?* Rule (1976:50) is veral bekommerd oor die mate waartoe Hall se roman reeds (en steeds) miljoene lesers se verstaan van, en gesindheid jeens, lesbiërs beïnvloed. Faderman (1985:322) bevestig dat die roman 'n hartseer en prominente rol gespeel het in die persoonlike geskiedenis van lesbiërs oor die gang van die twintigste eeu en daarna. Soos die titel aandui, eindig die hoofkarakter, Stephen Gordon (gedoop met 'n tradisionele manlike naam omdat haar vader 'n seun eerder as 'n dogter begeer het), tragies en eensaam. Die roman se uitbeelding van lesbiërs wek verdere kommer omdat

Stephen nooit die patriargale sosiale strukture wat haar as ’n natuurfrats beskou, uitdaag nie. Inteendeel, haar grootste probleem met manlike oorheersing is dat sy, wat as ’n vrou gebore is, dit nie self kan uitoefen nie (Rule, 1976:60). Die roman stel voor dat ’n liefdesverhouding tussen ’n meerderwaardige en ’n minderwaardige persoon moet wees, en dat vroue altyd en onafwendbaar die minderwaardige rol sal beklee (Rule, 1976:60). Ek voer aan dat dit juis die strewe na gelykheid is wat vir die lesbiese karakters in *Oktober* die moontlikheid van geluk sowel as ’n vorm van asiel teen vervreemding bied.

3. Homofobiese stereotipes en hul inwerking op lesbiese karakters

In sy resensie van *Oktober* beskryf Human (2012:2) die “byna idilliese verhouding tussen Jo en Leigh” maar, eerder as die eendimensionele voorstelling wat die gevolg kon wees van so ’n fokus, noem Human dat daar in die roman ook ’n “verhaal van hartseer en gemis blootgelê word”. Alhoewel daar struikelblokke in Jo en Leigh se verhouding opduik, is dit juis ook die erkenning van die vele fasette van Jo se identiteit wat dit onmoontlik maak om haar verhaal as uitsluitlik positief te lees. Seksualiteit is uiteraard slegs een deel van enige mens se identiteit en Human (2012:2) maak hierdie punt met bondigheid wanneer hy tereg aanvoer Jo “is veel meer as net ’n vrou wat verlief raak op ’n vrou”. Braidotti (2011:25) maak ’n soortgelyke punt wanneer sy verduidelik dat ’n vrou, en by uitstrek ook ’n lesbiër, nie ’n monolitiese essensie is wat vir eens en vir altyd deur dieselfde definisie vasgevang kan word nie. Vroue se identiteite vorm in ruimtes waar komplekse, veelvoudige en potensieel teenstrydige stelle lewenservarings op mekaar inspeel en altyd ook bepaal word deur die snypunte tussen die verskillende en veranderlike faktore van die subjek se identiteit soos, byvoorbeeld, ras, gender, sosio-ekonomiese posisie en ouderdom (Braidotti, 2011:25). In *Oktober* word Jo se verstaan van haar eie identiteit onherroeplik en traumaties verander wanneer haar swaer, George, haar eendag verwittig: “Ek en Simone het besluit jy mag nie die kinders sien nie” (Warrington, 2012:53). Tesame met haar seksuele aangetrokkenheid tot ander vroue, beskryf Human (2012:2) Jo ook as “’n dogter wat moet toekyk hoe haar ma onder jare se hartseer vou, ’n suster wat nie weet hoe lank die gebroke lyf van haar broer gaan hou nie, en ’n tannie wat enigiets sal gee om haar susterkinders weer vas te hou”.

Die roman fokus deurgaans op Jo se liefde vir hierdie kinders, Jonathan en Ruby, en wanneer sy hoor dat sy hulle “[n]ooit weer” (Warrington, 2012:53) mag sien nie, weet sy haar “lewe verander onherroeplik” (53). Jo het geen twyfel oor die redes vir hierdie verwerping nie. George dring daarop aan hy “hoef niks aan [Jo] te verduidelik nie” (53) maar die skrywer eindig hierdie paragraaf met die

kort sin alleen in 'n lyn ter beklemtoning: "Die aansteeklike" (53). Hierna volg twee bondige paragrawe waarin Warrington parallelle sinskonstruksie gebruik om verdere klem te plaas op die redes wat Jo se familie aanvoer. Die eerste paragraaf begin met die sin "Ek bel my pa" (53) en die tweede een begin met "Ek bel my suster" (53). Haar vader se antwoord is dat sy "moet maar verstaan hoekom" en Jo verduidelik dat "[h]y bedoel oor ek gay is" (53). Haar suster poog nie eers om haar onverdraagsaamheid te verdoesel nie en sy sê eenvoudig Jo "is abnormaal". Weereens besin Jo en kom tot die gevolgtrekking, "[s]y bedoel oor ek gay is" (53). Wat veral treffend en bemoedigend is, en wat hierdie roman onderskei van sommige vroeëre lesbiese prosa, is dat Warrington nie toelaat dat haar hoofkarakter sulke haatspraak sonder meer aanvaar en internaliseer nie. Hierdie verset teen homofobiese stereotipes blyk uit Jo se besinnings oor haar telefoniese gesprekke met haar vader en suster. In die geval van eersgenoemde sê sy, "Ek dink: asshole" (53), en in die geval van haar suster bepeins sy die uitspraak en sê sy, "Ek dink: Wie het jou aangestel as lynregter tussen dit wat normaal of abnormaal is?" (53). Die uitsondering in terme van Jo se familie se reaksies is haar moeder wie se stil troos en aanvaarding in skrilte kontras staan met dié van Simone en Jo se vader. Jo sê in 'n aparte paragraaf: "My ma hou my vas" (54).

Van Knippenberg en Dijksterhuis (2000:107) bied 'n oorkoepelende definisie van stereotipes as denkbeeldige voorstellings van sosiale groepe of beelde van sulke groepe wat deel is van ons denkpatrone. Kirkland (2006:89) verduidelik dat stereotipe karaktereienskappe of gedragspatrone aan 'n individu toeskryf as gevolg van so 'n persoon se groepslidmaatskap. Sulke stereotipes is dikwels aannames wat spruit uit veralgemenings wat onwaar sowel as kwaadwillig of haatdraend kan wees (Kirkland, 2006:89). Die stereotipes van abnormaliteit en aansteeklikheid is slegs twee van die aannames oor lesbiërs wat steeds met verbasende hardnekkigheid opduik in ons eietydse samelewing. Havelock Ellis (1901) was een van die eerste seksuoloe wat kommer uitgespreek het oor die negatiewe impak wat homoseksuele ouers op hulle kinders kan hê. Hy was veral besorg oor die moontlikheid dat homoseksuele ouers hulle eie homoseksualiteit sou oordra aan hulle kinders (Clarke, 2008:120).

Hierdie kommer hou nou verband met die stereotipes wat so 'n drastiese verandering in Jo se lewe teweegbring wanneer sy toegang tot Ruby en Jonathan ontnem word, naamlik dat lesbiërs 'n slegte invloed op kinders is en dat homoseksualiteit aansteeklik is (Eliason, Donelan en Randall, 1992:140). Simon (1998:63) se navorsing dui op die algemene opvatting dat gay mans en lesbiërs promiskue werwers en verleiders van kinders is. In haar verduideliking aan haar minnares, Leigh, beskryf Jo eenvoudig Simone se redes soos volg: "My suster woke up one morning and decided I'm contagious" (Warrington, 2012:86). Eliason e.a. (1992:136) bespreek die vrees van hulle navorsingsobjekte dat "normale mense"

'n lesbiese identiteit kan opdoen “soos ’n aansteeklike siekte”. Kendall en Magenau (1999:101) se navorsing demonstreer ook hoe lesbiese identiteit gekonstrueer word as ’n aansteeklike siekte waarteen kinders beskerm moet word.

Die idee dat lesbiërs “siek” is, word deur Wilton (1995:31) beskryf as die “mediese model” wat daarop aandring dat lesbiese seksualiteit inherent patologies is. Kite (1994:33) meen dat vroeëre navorsing oor homoseksualiteit dit meestal beskou het as ’n afwyking wat gepaard gegaan het met abnormaliteit, perversie, wanaanpassing en geestesongesteldheid. Kite (1994:33) voer ook aan dat meer onlangse navorsing daarop dui dat sulke houdings nie veel verander het nie. Wanneer Leigh op Jo se verduideliking dat haar gesin haar as aansteeklik beskou, reageer met die verbaasde vraag, “Do you still get people like that”?, word Jo se antwoord, “Apparently” (86), dus deur navorsing beaam. Later in die roman blyk dit dat Leigh self as tiener uit haar ouerhuis geskop is en sy vertel vir Jo “[s]y was maar vyftien en onbewus van hoe verlief sy op haar beste vriendin was” (110). Sy en die vriendin “het een middag na skool, terwyl hulle moes huiswerk doen, mekaar gesoen” (110). Haar broer, Tom, “het hulle die heelyd staan en afloer” en by hulle ouers “op hulle gaan klik” (100). Kort daarna was Leigh weggestuur en het sy sedertdien geen kontak met haar gesin gehad nie (100).

Die “gevaar” wat homoseksualiteit vir kinders inhou, word deur ’n aantal navorsers gekritiseer en Wilton (1995:191) voer aan dat die mite van die homoseksuele kindermolesteerder ’n meer onheilspellende werklikheid versteek, naamlik dat die oorgrote meerderheid kinders seksueel misbruik word binne die veronderstelde veiligheid van hulle eie huise en in die skoot van die kerngesin. Die ware mite is dus eintlik die “Happy Heterosexual Family”, soos Wilton (1995:191) daarna verwys. In haar beskrywing gebruik Wilton hoofletters om te suggereer dat dit ’n instelling in eietydse samelewings geword het met heelwat ideologiese en simboliese mag. Dergelike kritiek op die heteronormatiewe kerngesin is dus uiteraard strydwekkend. In *Oktober* raak Warrington hierdie teer punt aan wanneer Jo vir Leigh vertel van George se “humeur” en “[d]at hy Jonathan omgestamp het toe hy gedink het niemand kyk nie” (Warrington, 2012:163). Die ware bedreiging wat vir Jonathan en Ruby kwesbaar laat, is dus hulle eie vader wat so daarop gesteld is om hulle te “beskerm” teen die lesbiese tante wat hulle nog net met liefde en deernis behandel het. Jo vertel verder hoe “Jonathan se ma al voor haar kind gestaan het omdat sy pa hom wou bykom” en hoe “Jonathan voel hy moet sy sussie beskerm” (Warrington, 2012:163). Shaw en Gastrow (2001:236) se navorsing oor misdaad in die post-apartheid Suid-Afrikaanse samelewing bevestig dat die meeste Suid-Afrikaners slagoffers van geweldsmisdaad sal wees in hulle eie huise en dat die oortreder ’n vertroueling of kennis eerder as ’n vreemdeling sal wees. Keshavarz, Kawashima en Low (2002:344) se studie oor

kinders wat mishandel word, bevind dat in twee-derdes van die gevalle een of beide die ouers verantwoordelik is vir die kind se beserings.

Lyman e.a. (2003:1070) verduidelik dat kinders veral kwesbaar is wanneer hulle nie voldoen aan hulle ouers se ontwikkelingsdoelwitte nie. Warrington (2012:187) sinspeel daarop dat George enige afwyking van gendernorme beskou as 'n ernstige "geslagskrisis" waarop hy hewig reageer. Jo deel 'n vinjet met Leigh wat boekdele spreek in hierdie verband. Sy onthou hoe sy "'n klein rugbyballetjie en lipbalm wat 'n mens se lippe rooi maak gewen het by 'n vulstasie" (Warrington, 2012:187). In ooreenstemming met gebruikelike genderverwagtinge, het sy "die bal vir Jonathan gegee, die lipbalm vir Ruby". Wat daarna gebeur, demonstreer die feit dat gender 'n sosiale konstruksie is en dat dit bly voortbestaan deels omdat dit met streng dissipline toegepas word. As die patriargale figuur in hierdie gesin, ag George homself klaarblyklik as die persoon wat die rol van genderpolisiëring moet vervul. Nadat Jo die klein geskenkies aan die kinders gegee het, vertel sy hoe, "'n [h]alfuur later", sy gesien het hoe "skop Ruby die bal oor die grasperk en [hoe] hardloop Jonathan rond met rooi lippe soos dié van 'n nar" (Warrington, 2012:187). Terwyl Jo "gedink [het] dit is oulik", het George egter "'n oorval gekry en Jonathan dadelik sy mond laat was". Warrington (2012:163) verskaf verdere leidrade dat dinge nie pluis is in hierdie oënskynlik gelukkige heteroseksuele gesin nie deur, sonder om enige verdere kommentaar te lewer, te noem dat "Jonathan sy pa sonder 'n mond en arms geteken het in 'n skets van sy gesin". Daar is 'n belangrike navorsingsgebied wat ondersoek instel na kinders se sketse en wat sulke sketse beskou as 'n alternatiewe vorm van kommunikasie (Papadakis Michaelides, 2005:155). In die ontleding van kinders se sketse van menslike figure argumenteer Papadakis Michaelides (2005:166) dat die gebrek aan arms 'n aanduiding kan wees dat die kind onvoldoende, onbekwaan en magteloos voel en dat sy of hy nie beheer oor omstandighede kan uitoefen nie. Briggs en Lehmann (1989:131) meen dat kuns 'n uitdrukking is van 'n kind se innerlike werklikheid en dat sulke sketse dus toegang kan bied tot die gedagtes en ervarings van kinders wat te bang is om hulle vrese met woorde uit te druk. Die navorsers argumenteer verder dat kinders met emosionele probleme geneig is om menslike figure te teken sonder arms en monde. In sommige gevalle laat die kind die mond weg omdat die persoon wat hulle leed aangedoen het daarop aandring dat die kind die geweld as 'n geheim moet beskou. Die hardhandigheid waarmee George sy gesin behandel, veral op die dae wanneer hy "weer sy humeur verloor" (Warrington, 2012:33), verskil totaal van Jo, wat byvoorbeeld besef dat Jonathan "'n stil kind" is en dat 'n mens "sag met hom [moet] werk".

'n Verdere vooroordeel waarmee lesbiërs gereeld moet omgaan is dat hulle aangetrokkenheid tot vroue net 'n fase is waardeur hulle sal beweeg om uiteindelik weer die "normaliteit" van heteroseksualiteit te aanvaar. Gilbert

(1985:375) bevestig dat daar die aanname is dat volwasse vroulikheid gepaard gaan met heteroseksualiteit. In *Oktober* is dit die mees ondersteunende lid van Jo se familie wat hierdie stereotipe sonder meer aanvaar. Met 'n "swaar gemoed" sê Jo vir haar moeder dat sy met haar wil praat en sy sê dat sy "dink Ma moet sit" want die onthulling is "so erg" (Warrington, 2012:101). Haar moeder spring haar egter voor en meld ongeërg: "Ag, jy *dink* jy hou van vrouens" (101) [my beklemtoning]. Die feit dat sy "aangehou stryk" het en deur die woord *dink* te gebruik, sinspeel sy dat Jo nie met sekerheid op 'n lesbiese identiteit kan aanspraak maak nie. Dit kan ook beskou word as haar manier om die "normaliteit" van hulle heteronormatiewe lewens te behou. Terwyl 'n "traan oor haar wang geloop het", verskaf sy die volgende waarskuwing en hoop aan haar dogter: "Hou net jou kop oop. Jy ontmoet dalk oor twee weke 'n fantastiese man" (101). Alhoewel dit blyk dat Jo se moeder hoop dat haar dogter deur 'n fase gaan, is Jo nie bereid om hierdie stereotipe onbetwis te laat nie, en sy antwoord haar moeder deur die meer waarskynlike moontlikheid te verwoord wanneer sy sê "[j]a, maar ek ontmoet dalk oor twee weke 'n fantastiese vrou". Die aanvaarding van haar dogter as 'n lesbiër skemer deur wanneer die moeder reageer op Jo se scenario met die woorde: "Ook waar". Uiteindelik maak sy dit baie duidelik dat haar aanvaarding en liefde onvoorwaardelik is en sy verseker Jo: "Dit verander niks tussen my en jou nie. Ek is nog lief vir jou". Spaulding (1993:234) bevestig dat daar beduidende literatuur is wat lesbiese seksualiteit beskryf as bloot 'n fase in die ontwikkeling van sommige heteroseksuele vroue se lewens. Markowe (2002:71) se studie beklemtoon ook dat lesbiese seksualiteit dikwels as 'n fase beskou word en dat dit as 'n "probleem" geag word waardeur vroue moet werk om weer "normaal" en "natuurlik" te wees, en laasgenoemde frases word in ons samelewing steeds met heteroseksualiteit vereenselwig (sien ook Garber, 2000:345).

Calvo en Escudero (2009:46) verduidelik dat lesbiërs telkens vasgevang word tussen twee algemene stereotipes: aan die een kant is daar die bogenoemde idee van die lesbiër as lelik, onmodieus, aseksueel en verslons en aan die ander kant is daar die sogenaamde "lipstiffie lesbiër" wat die objek van manlike seksuele fantasieë is.¹ Weston (1995:221) argumenteer dat, gedurende die eerste deel van die twintigste eeu, mediese diskoerse geloofwaardigheid verleen het aan die idee dat homoseksualiteit gepaardgaan met genderverwisseling. Met ander woorde, 'n homoseksuele persoon sou eienskappe van die "teenoorgestelde" gender openbaar (Weston, 1995:221).

Die term "lipstiffie lesbiër" is op sigself problematies en die verskynsel is die onderwerp van diepgaande analise binne die queer-navorsingsgebied. Een benadering, tipies van radikale lesbiese feminisme, beskou sulke lesbiërs as vroue wat die gendernorme van die heteronormatiewe samelewing geïnternaliseer het en kritiseer hulle omdat hulle 'n vroulike voorkoms gebruik om die waan

van heteroseksualiteit te skep en dus die voordele van hierdie normatiewe seksuele voorkeur kan geniet (Blackman en Perry, 1990:69). In haar artikel met die veelseggende titel “Making her (in)visible: Cultural representations of lesbianism and the lesbian body in the 1990s”, argumenteer Ciasullo (2001) dat die media se bykans uitsluitlike uitbeelding van “lipstiffie lesbiërs” bydra tot die onsigbaarheid van “butch” lesbiërs. Jenkins (2005:494) meen ook dat sulke uitbeeldings van lesbiërs in die media eintlik ’n afgewaterde weergawe van vroulike homoseksualiteit is, en dat dit doelbewus ontwerp is om aanklank te vind by heteroseksuele gehore. Om hierdie redes word “lipstiffie lesbiërs” dikwels steeds nie beskou as “ware” lesbiërs nie. In die essay, “Passing lesbians: the high cost of femininity”, maak Penelope (1996:118) dit duidelik dat hierdie tipe teoretiese kritiek maklik ontaard in ’n meer onsmaklike soort vyandigheid. Sy is ferm in haar veroordeling van “lipstiffie lesbiërs” wanneer sy meld dat sy dit onmoontlik vind om enige respek te hê vir ’n lesbiër wat lipstiffie en rokke dra, naellak en parfuum gebruik en haar beenhare skeer (Penelope, 1996:132). Sy gaan selfs verder en erken dat sy hulle nòg respekteer, nòg vertrou (Penelope, 1996:132).

In *Oktober* word hierdie wanvoorstelling van lesbiese seksualiteit sowel erken as uitgedaag deur Warrington se uitbeelding van veral Leigh. Leigh is ’n sangeres en voordat Jo haar die eerste keer ontmoet beskou sy haar as ’n “jong poppie” wat sy later besef die “popsensasie Leigh Osbourne” (13) is. Tydens ’n vertoning beskryf sy Leigh as beeldskoon en geklee in “’n [e]legante rok wat lyk of dit bloot om haar gedraai is en met ’n speld of twee vasgehou word. Iets wat Grace Kelly sou goedkeur. Haar hare is weer vasgemaak, haar grimering elegant” (172). Volgens hierdie beskrywing is Leigh ’n lesbiese karakter wat die teenoorgestelde is van die stereotipe van die onmodieuse, verslonsde lesbiër. Tot ’n mate is Jo self skuldig aan hierdie vorm van stereotipering want sy neem ook aan dat Leigh heteroseksueel is. Wanneer hulle hul eerste behoorlike gesprek met mekaar het en Jo dit duidelik maak dat sy lesbies is, aanvaar sy dat die ongemak wat lesbinisme veroorsaak ook “[d]ie ongemak [is] waaroor Leigh haarself sal verskoon” (20). Leigh verras egter vir Jo en onderskei haarself van die “jeugdige poppe” (13), soos Jo die vroue beskryf by die meeste “konserte en partytjies” (12) waar sy foto’s van glansmense neem as synde ’n beroepsfotograaf. Ná Leigh se onthulling dink Jo by haarself: “Goed, ons albei staan nou onbeskermd. Op gelyke voet” (20), terwyl hulle by mekaar sit “in vrede met die gedeelde kennis tussen [hulle]” (20). Soos met die verwysing na Grace Kelly hierbo, gebruik Warrington in die loop van die roman vergelykings met aktrises van Hollywood se Goue Era om Leigh se voorkoms te beskryf. Volgens Thesander (1997:153) was die ideale vroulike liggaam in die 1930’s gekenmerk deur sagte kurwes. Deur middel van hierdie vergelykings beklemtoon Warrington dus hoe hierdie lesbiese karakter verskil van die stereotiepe manlikheid wat met “regte” lesbiërs vereenselwig word. Warrington

beskryf byvoorbeeld Jo se waarnemings en blik as volg: “Leigh vat ’n lang trek van haar sigaret en lyk soos ’n aktrise uit ’n swart-en-wit 1930’s rolprent” (16). Net voor dit merk Jo Leigh se hare is “weer blond, amper in ’n Marilyn Monroe-styl gesny” (15). By ’n latere ontmoeting tussen hierdie twee karakters word Marlene Dietrich ingespan om Leigh se vroulikheid uit te beeld wanneer Jo snak na haar asem as sy sien hoe Leigh lyk in “’n skepping van sagte ontwerperslap” wat “om haar gedrapeer” (39) is en verder uitwei oor haar voorkoms: “Die hoë hakke is van hout, om haar tone is ’n enkelbandjie en ’n strikkie hang agter elke hak. Haar dik hare is teruggetrek, haar grimering dramaties, Dietrich sou afgunstig gewees het” (39). Volgens Jo “kom [sy] eventueel oor die elegansie van haar uitrusting” (39) en later in die roman kom sy tot die volgende gevolgtrekking: “Daar is ’n rede waarom sy al op die voorblad was van elke glanstydskrif wat bestaan! Sy is verdomp pragtig” (123).

Ochse (2011:10) verduidelik dat stereotipes oor lesbiërs ontstaan as gevolg van ’n denkfout wat aanneem dat die drie onderdele van menslike seksualiteit onskeibaar is. Hierdie drie aspekte kan omskryf word as seksuele oriëntasie (aangetrokkenheid tot iemand van ’n spesifieke gender), gender identiteit (iemand se oortuiging dat hy of sy manlik of vroulik is) en gender-rol optrede (optrede wat ooreenstem met tradisionele manlikheid of vroulikheid) (Ochse, 2011:10). Wanopvattinge ontstaan as gevolg van die foutiewe aanname dat wanneer ’n persoon afwyk van die norm ten opsigte van een van hierdie aspekte, hulle ook in terme van die res anders sal wees (Ochse, 2011:10). Met ander woorde, soos Ochse verduidelik en die uitbeelding van Leigh demonstreer, ’n lesbiër verskil van die norm deur haar seksuele aangetrokkenheid tot ander vroue, maar dit beteken nie dat sy noodwendig ook tradisionele gendergedragskodes verwerp nie. ’n Vrou soos die karakter Leigh sal dus deur sommige kritici, soos Penelope hierbo, verwerp word as ’n verraaier wat skuldig is aan sameswering met die instelling van heteroseksualiteit, terwyl lesbiërs met ’n meer manlike voorkoms algemeen beskou word as slagoffers van ’n patologiese wanaanpassing wat hunker na ’n tipe mag (dié wat met manlikheid gepaard gaan in ’n patriargale samelewing) wat hulle altyd sal ontwyk (Halberstam, 1998:9).

Die stereotipes en veroordeling waarmee lesbiërs gekonfronteer word in die samelewing en in gesinne, wat dikwels dien as ’n mikrokosmos van die samelewing se heteronormatiewe ideologieë, veroorsaak ’n diepgaande gevoel van vervreemding in die karakters wat in *Oktober* uitgebeeld word. Wanneer Jo die eerste keer vir Leigh sien, erken sy onmiddellik die “ongemak met die wêreld om haar” en die “gespartel vir asem” (13). Leigh is in daardie stadium op ’n konserttoer in Suid-Afrika en, nadat Jo haar vra waar haar basis of tuiste is, erken sy dat sy uit haar reistas lewe en sy beskryf haarself as “a bit of a rolling stone” (16). Ná haar verwerping deur Simone en die gedwonge vervreemding van Ruby

en Jonathan, gaan besoek Jo haar vriendin, Denise, in Engeland. Denise vra vir Jo waarom sy besluit het om juis Londen toe te kom en Jo antwoord eenvoudig: “Ek wou net wegkom uit Suid-Afrika. En die kaartjies hiernatoe was goedkoop” (68). Sy stel dit ietwat anders wanneer sy vir Leigh raakloop in Londen en sê dat sy daar is in ’n poging om weg te hardloop (86).

4. Die soektog na ’n tuiste

Volgens Elwood (2000:12) is die idee van ’n tuiste simbolies besonder invloedryk en dit is belaaie met ingewikkelde verwagtinge, herinneringe en ervarings. Heelwat teoretici het ’n romantiese en idealistiese opvatting van hierdie konsep as ’n spesiale plek van privaatheid, versorging, veiligheid en gemaklikheid (Tuan, 1974; Somerville, 1992). Soos egter alreeds uit hierdie artikel geblyk het, is dit dikwels nie die geval vir alle lede van ’n gesin nie. Elwood verduidelik dat die betekenis van tuistes selfs meer problematies is vir lesbiërs. In sommige gevalle kan lesbiërs in hul huise ’n ruimte skep waar hulle hul seksualiteit kan uitleef buite die afkeurende blik van die heteronormatiewe samelewing, maar in ander gevalle is dit juis ’n plek waar heteroseksuele familieledes, bure en gemeenskappe se vyandigheid des de skerper gevoel word (Elwood, 2000:14). Jo en Leigh se karakters word byvoorbeeld streng gestraf deur familieledes wanneer hulle binne hulle eie huise as lesbiërs geïdentifiseer word. Ten spyte van sulke ervarings, bly die meeste lesbiërs steeds sterk aangetrokke tot die moontlikheid van ’n plek waar hulle tuis kan voel (Eng, 1997; Fortier, 2001). Queer teoretici meen dus dat lesbiërs die idee van ’n tuiste herkonsepsualiseer eerder as om dit eenvoudig te verwerp (Bolaki, 2011).

In *Oktober* is dit binne ’n verhouding waar lesbiërs poog om sulke tuistes te skep. Fortier (2003:131) verduidelik dat tuistes geskep kan word deur dit te assosieer met liggame en verhoudings wat vir ons betekenisvol is. Alhoewel Jo by haar ou vriendin, Denise, tuisgaan, bly sy ’n vreemdeling in “die permanent bewolkte Londen” (73) waarheen sy gereis het. Denise probeer Jo “betrek by haar vriende, maar [Jo] skop vas soos ’n steeks donkie” en sy erken sy “onttrek natuurlik meestal en hou die plek van ’n afstand af dop” (74). Die pyn, hartseer en vervreemding wat haar hierdie reis laat aanpak het, is nou op ten minste ’n geografiese afstand en dit is vir haar genoeg “om die hele dag net te stap en te verken en niemand raas met [haar] of verwag iets van [haar], of treiter [haar] nie” en “[b]owenal is [sy] veilig” (74). Wanneer Leigh en Jo hul verhouding in Londen begin, is albei “huiwerig” (94) maar hulle besluit om mekaar ’n kans te gun, omdat hulle meen dat hulle in gelyke mate beskadigde mense is maar dat hulle tog veilig voel by mekaar (94). Hulle beplan om vir drie maande ’n paartjie te wees “[o]m die eensaamheid te verlig” en begin dus wat albei beseft is ’n “verhouding met ’n

vervaldatum” (96). In Leigh se teenwoordigheid beskryf Jo die “eeue oue cliché: skoenlappers in [haar] maag”. Soos Jo en Leigh mekaar beter leer ken, verdiep die verhouding en, alhoewel Jo nooit haar seksuele voorkeur wegsteek nie, is dit effens meer ingewikkeld vir Leigh omdat sy in die kollig is. Wanneer Leigh haar soen, “n ordentlike soen, in die publiek nogal” is Jo “oorbluf” (129). Jo erken dat sy verlief is op Leigh en wonder: “Hoe gaan ek haar laat gaan?” (181). ’n Steelfotograaf kry ’n foto van die twee saam en Jo neem aan dat Leigh hulle verhouding tydens ’n televisie-onderhoud sal ontken. Die idee dat hul verhouding tot ’n einde gekom het, tref hulle. Al wat Jo wil doen is “[w]eghardloop” en “[w] egkruip” en “n verlorenheid oorval” hulle altwee (214). Die verslaggewer vra vir Leigh of die foto bloot verduidelik kan word as een vriendin wat ’n ander troos. Leigh verwerp egter hierdie “kans om weg te kom” (221) en sy identifiseer vir Jo op nasionale televisie as haar minnares. Sy gaan verder en sê dat sy nog nooit enige-iemand so liefgehad het as vir Jo nie (221). Hulle bevestig dan ook hulle liefde aan mekaar en die roman eindig met die volgende gerusstellende woorde aan Jo: “It’s gonna be all right, fluister Leigh” (224). In haar verhouding met Leigh ondervind Jo dus uiteindelik die waarheid van Denise se opmerkings dat “nie almal hol weg wanneer dinge moeilik raak nie” (212), en “nie almal gaan jou skop waar dit seermaak nie” (141).

5. Slotopmerkings

In haar studie van lesbiese fiksie vind Zimmerman (1992:84) dat lesbiese paartjies dikwels ’n metaforiese tuiste in hulle verhoudings met mekaar skep. Zimmerman (1992:87) waarsku egter teen die “lesbiese mite” wat voorgee dat ’n verhouding tussen twee vroue enig in sy soort is in terme van gemeensaamheid omdat vroue se liggame en lewenservarings soortgelyk is. Dit is ’n essensialistiese benadering tot lesbiese verhoudings wat die verskille tussen vroue ignoreer. Hart (1996:75) stel voor dat lesbiërs ’n gemeenskap van gelykes nastreef. Dit behels egter nie dat vroue dieselfde moet wees nie, maar dat hulle moet poog om verskille as verrykend eerder as vervreemdend te aanvaar. So ’n verhouding verg ook wedersydse respek en betrokkenheid. In sulke omstandighede kan gemeensaamheid tussen twee lesbiese vroue ’n tuiste eerder as ’n bedreiging wees. Leigh en Jo is twee karakters wat baie van mekaar verskil en van verskillende kontinente afkomstig is. Tog bied hulle verhouding ’n positiewe uitbeelding van ’n lesbiese paartjie. Dit laat die leser met die oortuiging dat daar ten minste ’n goeie kans is dat hulle ’n tuiste bymekaar sal skep ná ’n leeftyd van vervreemding binne ’n heteronormatiewe samelewing waar hulle gebuk gegaan het onder homofobiese stereotipering en vervreemding.

Universiteit van Suid-Afrika

AANTEKENING

1. In sy bespreking van “The Afrikaner lesbian” bied Crous ’n insiggewende analise van Marlene van Niekerk se uitbeelding van ’n lesbiese paartjie in die roman *Triomf* (2000). Crous (2006:54) verduidelik hoe die wellustige karakter Lambert die lesbiërs afloer. Die gesprekke tussen Lambert en Treppie wentel om wat die twee vroue saam doen in die bed en hulle vind die idee van lesbiese seks sowel vreemd as seksueel prikkelend (sien ook Murray 2012).

VERWYSINGS

AUCAMP, H. (RED.).

1990. *Wisselstroom: Homoërotiek in die Afrikaanse verhaalkuns*. Kaapstad: Human & Rousseau.

BLACKMAN, I. & PERRY, K.

1990. Skirting the issue: Lesbian fashion for the 1990s. *Feminist Review* 34:67–78.

BOLAKI, S.

2011. “New living the old in a new way”: Home and queer migrations in Audre Lorde’s *Zami*. *Textual Practice* 25(4):779–798.

BOTES, N. & COCHRANE, N.

2007. *Van drag king tot lipstick lesbian: ’n Voorlopinge kontinuum van lesbiese genderidentiteit met spesifieke toepassing op die Afrikaanse kortverhaal*. *Stilet* 19(2):100–117.

BRAIDOTTI, R.

2011. *Nomadic subjects: Embodiment and sexual difference in contemporary feminist theory*. New York: Columbia University Press.

BRIGGS, F. & LEHMANN, K.

1989. Significance of children’s drawing’s in cases of sexual abuse. *Early Child Development and Care* 47(1):131–147.

CALVO, M. & ESCUDERO, M.

2009. We are family? Spanish law and lesbian normalization in *Hospital Central*. *Journal of Lesbian Studies* 13(1):35–48.

CIASULLO, A.

2001. Making her (in)visible: Cultural representations of lesbianism and the lesbian body in the 1990s. *Feminist Studies* 27(3):577–608.

CLARKE, V.

2008. From outsiders to motherhood to reinventing the family: Constructions of lesbian parenting in the psychological literature: 1886–2006. *Women's Studies International Forum* 31(2):118–128.

CROUS, M.

2006. "En ek sê dis 'n trassie": Perspectives on Afrikaner homosexual identity. *Agenda* 20(67):48–56.

DE LANGE, J. (RED.).

1997. *Soort soek soort: 'n Versameling alternatiewe ervarings*. Kaapstad: Human & Rousseau en Tafelberg.

ELIASON, M., DONELAN, C. & RANDALL, C.

1992. Lesbian stereotypes. *Health Care for Women International* 13(2):131–144.

ELWOOD, S.A.

2000. Lesbian living spaces. *Journal of Lesbian Studies* 4(1):11–27.

ENG, D.

1997. Out here and over there: Queerness and diaspora in Asian American studies. *Social Text* 15(3/4):31–52.

FADERMAN, L.

1985. *Surpassing the love of men: Romantic friendship and love between women from the Renaissance to the present*. Londen: The Women's Press.

FORTIER, A.

2001. Coming home: Queer migrations and multiple evocations of home. *European Journal of Cultural Studies* 4(4):405–424.

2003. Making home: Queer migrations and motions of attachment. In: Ahmed, S., Castaneda, C., Fortier, A. & Sheller, M. (reds.). *Uprootings/ regroundings: Questions of home and migration*. Oxford: Berg. 115–135.

GARBER, M.

2000. *Bisexuality and the eroticism of everyday life*. New York: Routledge.

GILBERT, S.M.

1985. Life's empty pack: Notes toward a literary daughteronomy. *Critical Inquiry* 11(3): 355–384.

GOOSEN, J.

1995. *’n Gelyke kans*. Kaapstad: Human & Rousseau.

HALBERSTAM, J.

1998. *Female masculinity*. Durham: Duke University Press.

HALL, R.

1928. *The well of loneliness*. Londen: Jonathan Cape.

HAMBIDGE, J.

1996. *Swart Koring*. Kaapstad: Human & Rousseau.

1998. *Die swart sluier*. Kaapstad: Tafelberg.

1998. *Die judaskus*. Johannesburg: Perskor.

2001. *Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het*. Kaapstad: Contentlot.

2008. *Palindroom*. Kaapstad: Genugtig Uitgewers.

2008. *Kladboek*. Pretoria: Protea Boekhuis.

HART, N.

1996. From an eroticism of difference to an intimacy of equals: A radical feminist lesbian separatist perspective on sexuality. In: Mohin, L. (red.). *An intimacy of equals: Lesbian feminist ethics*. Londen: Onlywomen Press. 69–77.

HAVELOCK ELLIS, H.

1901. *Studies in the psychology of sex, volume 1: Sexual inversion*. Philadelphia: F.A. Davis Co.

HUISMANS, E.

1992. *Requiem op ys*. Pretoria: HAUM.

HUMAN, T.

2012. Aanklag teen vooroordele wat al moes gesterf het. *Rapport*, 5 Junie, bl. 2.

JENKINS, T.

2005. “Potential lesbians at two o’clock”: The heterosexualization of lesbianism in the recent teen film. *The Journal of Popular Culture* 38(3):491–504.

KENDALL, S. & MAGENAU, K.

1999. “He’s calling her da da!” A sociolinguistic analysis of the “lesbian as disease” metaphor in child custody cases. *Journal of the Association for Research on Mothering* 1(2):98–111.

KESHAVARZ, R., KAWASHIMA, R. & LOW, C.

2002. Child abuse and neglect presentations to a pediatric emergency department. *The Journal of Emergency Medicine* 23(4):341–345.

KIRKLAND, A.

2006. What's at stake in transgender discrimination as sex discrimination? *Signs* 32(1):83–111.

KITE, M.E.

1994. When perceptions meet reality: Individual differences in reactions to lesbians and gay men. In: Greene, B. & Herek, G.M. (reds.). *Lesbian and gay psychology: Theory, research and clinical applications*. Londen: Sage Publications. 25–53.

LYMAN, J.M., MCGWIN, G., MALONE, D.E., TAYLOR, A.J., BRISSE, A.M., DAVIS G. & RUE, L.W.

2003. Epidemiology of child homicide in Jefferson County, Alabama. *Child Abuse and Neglect* 27(9): 1063–1073.

MARKOWE, L.A.

2002. Coming out as lesbian. In: Coyle, A. & Kitzinger, C. (reds.). *Lesbian and gay psychology: New perspectives*. Oxford: Blackwell. 63–80.

MURRAY, J.

2012. The layered gaze: Reading lesbian desire in selected South African fiction. *Current Writing* 24(1):88–97.

OCHSE, A.

2011. “Real women” and “real lesbians”: Discourses of heteronormativity amongst a group of lesbians. *South African Review of Sociology* 42(1):3–20.

ODENDAAL, W.

1977. *Keerkring*. Johannesburg: Perskor.

PAPADAKIS MICHAELIDES. E.

2005. Children's drawings: An alternative avenue of communication. *Studies in teacher education: Psychopedagogy*. <http://members.chello.pl/university/Psychopedagogy.pdf> (11 Julie 2012 geraadpleeg).

PENELOPE, J.

1996. Passing lesbians: The high cost of femininity. In: Mohin, L. (red.). *An intimacy of equals: Lesbian feminist ethics*. Londen: Onlywomen Press. 118–152.

RULE, J.

1976. *Lesbian images*. Londen: Pluto Press.

SCHEEPERS, R.

1995. *Die heidendogters jubel*. Kaapstad: Tafelberg.

SHAW, M. & GASTROW, P.

2001. Stealing the show? Crime and its impact in post-apartheid South Africa. *Daedalus* 130(1):235–258.

SIMON, A.

1998. The relationship between stereotypes of and attitudes towards lesbians and gays. In: Herek, G.M. (red.). *Stigma and sexual orientation: Understanding prejudice against lesbians, gay men, and bisexuals*. Londen: Sage Publications. 62–81.

SMITH, C.A. & STILLMAN, C.

2002. Butch/femme in the personal advertisements of lesbians. *Journal of Lesbian Studies* 6(1):45–51.

SOMERVILLE, P.

1992. Homelessness and the meaning of home: rooflessness or rootlessness? *International Journal of Urban and Regional Research* 16(4):527–539.

SPAULDING, E.C.

1993. Unconsciousness raising: Hidden dimensions of heterosexism in theory and practice with lesbians. *Smith College Studies in Social Work* 63(3):231–245.

THESANDER, M.

1997. *The feminine ideal*. Londen: Reaktion Books.

TUAN, Y.F.

1974. Space and place: Humanistic perspective. *Progress in Geography*, 6:211–254.

VAN KNIPPENBERG, A.D. & DIJKSTERHUIS, A.P.

2000. Social categorization and stereotyping: A functional perspective. *European Review of Social Psychology* 11(1):105–144.

WESTON, K.

1995. Guessing games. In: Jay, K. (red.). *Dyke life: A celebration of the lesbian experience*. New York: BasicBooks. 221–246.

WARRINGTON, R.

2012. *Oktober*. Pretoria: Protea Boekhuis.

WILTON, T.

1995. *Lesbian studies: Setting an agenda*. Londen: Routledge.

WINTERSON, J.

1985. *Oranges are not the only fruit*. New York: Grove Press.

2011. *Why be happy when you could be normal?* Londen: Random House.

ZIMMERMAN, B.

1992. *The safe sea of women: Lesbian fiction 1969–1989*. Londen: Onlywomen Press.